vergadering by Beskuldigde No. 1 se huis sou bygewoon het. Hy beweer dat dit 'n Sondag was en dat slegs hyself, Cooper en Beskuldigde No. 1 teenwoordig was. Dit was waarskynlik gedurende Februarie of Maart 1963. Volgens Joe sou Beskuldigde No. 1 hulle aangehits het en gesê het die P.A.C. is 'n goeie besigheid. Gevra wat hy bedoel deur "aangehits", verklaar Joe dat Beskuldigde No. 1 gesê het "Ons moet alles in ons vermoë doen want dit is 'n goeie doel." Gevra wat is die goeie doel, het hy geantwoord: "Die voornemens om die soldate na Basoetoeland te stuur." Gevra of hy nog iets gesê het, het Joe beweer dat hulle nie daar by Beskuldigde No. 1 se huis verder gepraat het nie maar na 'n ander huis gegaan het en daar gaan drank drink het. Toe Cooper daar nog wou praat, het Beskuldigde No. 1 hom stilgemaak en gesê hy moenie verder oor P.A.C. praat nie aangesien die mense nie goedgesind sou wees nie.

Cooper het getuig dat hy Beskuldigde No. 1

/goed........

goed geken het. Hulle was vriende en hy het baie by Beskuldigde No. 1 gekuier. Hulle het baie gepraat oor "boeke en die leerstelling, en in die algemeen, oor die skool." Beskuldigde No. 1 was aanvanklik 'n onderwyser en het in skoolsake en in sport belang gestel. Hy het ook met Beskuldigde No. 1 oor P.A.C.-sake gesels en beweer dat hy hom as 'n lid gewerf het.

Hy het toe vir Joe vertel dat hy 'n ander persoon gekry het "op 'n dag, dit was 'n Sondag, dit was 'n dag toe beskuldigde nr. 1 sou tennis kom speel, is ek en Joe Maruma na beskuldigde nr. 1 se huis toe. Daar het ons die P.A.C. bespreek."

Gevra waarom hy en Joe na Beskuldigde No. 1 gegaan het, antwoord Cooper: "Ons moes hom inlig omtrent die werke van P.A.C." Cooper vervolg: "Ek het die konstitusie (van P.A.C.) aan hom verduidelik in die teenwoordigheid van Joe" (d.w.s. wat 'n lid is, wat die werk is van P.A.C., wat 'n

/lid........

lid moet doen en ook die doelstellings van P.A.C., nl. om die regering van die Republiek te oorweldig). Gevra wat Beskuldigde No. 1 se kommentaar hierop was, verklaar Cooper: "Hy het ingestem en hy het gesê hy is heeltemal gereed, hy is reg om saam met ons te werk."

Hierna verklaar Cooper het hulle drie saam na 'n ander huis gegaan waar daar 'n drinkery aan die gang was. Hy voeg by: "Toe ons nou moes praat toe het No. 1 ons teëgegaan en gesê nee ons moenie hier praat nie, die mense sal ons hoor."

Dit behoef, na my mening, geen betoog dat hierdie twee getuies voorgee om van dieselfde geleentheid te praat en dat hulle mekaar volkome weerspreek aangaande die gedrag van Beskuldigde No. 1 by die geleentheid. Cooper se relaas sluit enige aanhitsing deur Beskuldigde No. 1 uit. Verder suggereer sy getuienis 'n poging om Beskuldigde No. 1 te onderrig met die oog op werwing. In diè opsig staaf Cooper

/se getuienis.....

se getuienis eintlik die bewering van Beskuldigde No. 1 dat Cooper gepoog het om hom te werf. Cooper se relaas van die gebeure by Beskuldigde No. 1 se huis weerspreek nie alleen die getuienis van Joe nie maar dit is moeilik te rym met sy onmiddellik-voorafgaande bewering dat hy vantevore reeds vir Beskuldigde No. 1 gewerf het.

Selfs sonder inagneming van die versigtigheidsreël sou dit onverstandig wees om enige waarde aan sulke getuienis te heg. Ek noem egter hieronder verdere gronde waarom hierdie getuienis nie vir Beskuldigde No. 1 behoort te beswaar nie.

Cooper se relaas sluit aan by die bewering van Beskuldigde No. 1 dat hy graag 'n konstitusie van P.A.C. in die hande wou kry sodat hy saaklike getuienis kon bekom om Cooper te inkrimineer. Hy beweer dat hy, as hoofklerk in die kampong, aangesê was om op moontlike P.A.C. ondersteuners en lede te spioeneer. Hy noem die naam van mnr. Chatterton,

/waarnemende......

waarnemende hoof-kampongbestuurder, met wie hy saamgewerk het om die P.A.C. te bekamp. Sonder om in al die besonderhede hiervan te gaan, beweer hy dat hy Cooper se P.A.C.-aktiwiteite aan Chatterton gerapporteer het en ook dat hy Beskuldigde No. 1 as lid probeer werf het. Hy het onder andere ook vertel dat Cooper met verlof sou gaan en dat hy, na sy terugkeer van verlof, haastig was om sy ontslag te kry. Chatterton het Beskuldigde No. 1 gevra met watter trein Cooper sou vertrek en Beskuldigde No. 1 het by Cooper uitgevind wat sy planne is en aan Chatterton gerapporteer hy vertrek met die aandtrein. Chatterton het later aan Beskuldigde No. 1 op lakonieke wyse die lotgevalle van Cooper gerapporteer, deur bloot te sê: "He's fixed." Dit is gemenesaak dat Cooper grotendeels weens die bemoeiinge van Beskuldigde No. 1 gearresteer en veroordeel is weens sy P.A.C.-bedrywighede.

Die Staat het nie vir Chatterton geroep om Beskuldigde No. 1 se getuienis te weerlê nie. Nog is

/enige.......

enige verduideliking vir hierdie versuim aangebied. Die saak moet dus op die basis van Beskuldigde No. 1 se bewerings in hierdie verband beslis word.

Die beskuldigdes het ongelukkig geen regsverteenwoordigers gehad om hulle verdediging waar te neem nie. Dit het 'n addisionele las op die skouers van die streeklanddros geplaas en dit moes vir hom dus baie moeilik gewees het om al die bewerings wat reeds uiters vaag was, te ontrafel en na waarde te skat.

Hierdie bewerings aangaande Chatterton is ongelukkig nie ten volle aan Cooper gestel nie. Beskuldigde No. 1 het wel een vraag aan Cooper gestel wat in hierdie samehang besonder betekenisvol was, nl. "Het ek jou nie gevra die dag toe jy sou vertrek, watter trein jy neem nie?" Cooper het geantwoord dat hy dit wel kan onthou.

Hierdie antwoord staaf Beskuldigde No. 1 in sy bewerings dat hy Chatterton aangaande Cooper se

/planne.......

planne op hoogte gehou het.

Beskuldigde No. 1 het ook aan Joe die vraag gestel of hulle (Joe en Cooper) sommer na sy huis gekom het en of dit 'n vergadering was. Joe se antwoord dat dit 'n vergadering was, kan met die oog op die feit dat Cooper 'n vriend van Beskuldigde No. 1 was wat dikwels daar gekuier het en die onbevredigende aard van Joe en Cooper se getuienis oor hierdie ontmoeting nie aanvaar word nie. Die geleentheid klink (soos reeds aan die hand gedoen) eerder na 'n poging van Cooper en Joe om vir Beskuldigde No. 1 as 'n lid van P.A.C. te werf as na 'n P.A.C.-vergadering waarop Beskuldigde No. 1 die twee Staatsgetuies sou aangehits het.

Beskuldigde No. 1 erken dat Cooper gepoog het om hom te werf. Sy ontkenning dat hy aangesluit het, is in die lig van die samewerking tussen Beskuldigde No. 1 en Chatterton baie waarskynlik.

Daar is nog onbevredigende aspekte aangaande

/hierdie....

hierdie vertakking van die getuienis teen Beskuldigde No. 1 maar die voorgaande motiveer voldoende my besluit om dit te verwerp.

Joe se verdere getuienis teen Beskuldigde No. 1 het betrekking op dieselfde vergadering in die Melodie Kampong waar Joe self, Beskuldigdes Nos. 1, 2, 3, 5 en 6 en Cooper teenwoordig sou gewees het. Die landdros het na my oordeel tereg geweier om Beskuldigdes Nos. 3, 5 en 6 bloot weens hulle teenwoordigheid by hierdie byeenkoms skuldig te bevind op 'n aanklag dat hulle lede van P.A.C. was.

Joe beweer bloot dat Beskuldigde No. 1 by die toevallige byeenkoms waar daar 'n ongekontroleerde gekom en gegaan was, teenwoordig was. Hy beweer gladnie dat Beskuldigde No. 1 in enige opsig bewus was van wat daar aangegaan het of aan enige P.A.C.-verrigtinge of praatjies deelgeneem het nie.

Cooper, wat volgens Joe by hierdie geleentheid teenwoordig was, noem die sogenaamde vergadering

/gladnie.......

gladnie eers in sy getuienis teen Beskuldigde No. 1 nie. Beskuldigde No. 1 kan nie op grond van hierdie geleentheid veroordeel word nie en geen nadelige gevolgtrekking teen hom kan op hierdie bewerings van Joe gebaseer word nie.

Wat die 1963 tydperk betref, is daar nog die vae aantygings van Congress wat beweer het dat Beskuldigde No. 1 met hom oor P.A.C.-sake sou gepraat het en hom sou probeer werf het. Die getuienis het die landdros blykbaar nie beïndruk nie en ek meen hy het verstandig gehandel om nie daaraan waarde te heg nie. Die bewerings is nie in sy hoofgetuienis gemaak nie en kan maklik 'n nagedagte gewees het. Hy het Beskuldigde No. 1 nie destyds gerapporteer aan die owerhede soos hy verplig was om te doen nie. Hy erken dat Cooper ook nie destyds vir Beskuldigde No. 1 aangewys het as 'n lid nie. Hy noem geeneen van die erkende oogmerke van die P.A.C. wat Beskuldigde No. 1 aan hom sou geopenbaar het nie. Sy getuienis

/aangaande...........

aangaande hierdie tydperk is uiters vaag en is nie te rym met die redelike moontlikheid dat Beskuldigde No. 1 op daardie tydperk met mnr. Chatterton saamgewerk het om die P.A.C. te bekamp. nie.

Die getuienis van Congress waarop die landdros wel gesteun het, is sy getuienis aangaande 'n geleentheid in Julie 1965 toe hy op Beskuldigdes Nos. 1, 2 en 3 sou afgekom het. Hulle sou hulle gesprek dadelik gestaak het en Beskuldigde No. 1 sou toe gesê het "Julle moenie bang wees vir die man nie - ons is lede van die P.A.C.; hy wil ook aansluit."

Hierdie getuienis, indien aanvaar, sou slegs 'n veroordeling op die eerste klagte regverdig.

Die getuienis word egter ontken deur al die betrokke beskuldigdes. Ek meen dat die beweerde woorde van Beskuldigde No. 1 net vir een betekenis vatbaar is, nl. dat Congress op daardie tydstip nog nie 'n lid van die P.A.C. was nie maar wel by die organisasie wou aansluit. Sy bewering onder kruis-

/verhoor......

verhoor dat hy toe reeds lid was, is nie met hierdie verklaring van Beskuldigde No. 1 te rym nie, te meer aangesien hy beweer dat hy onder die beïnvloeding van Beskuldigde No. 1 sou lid geword het. Indien dit wel waar is, waarom het hy dit nie in sy hoofverhoor beweer nie? Sy antwoorde aangaande die ongerymdheid dat die ander P.A.C.-lede beswaar sou maak aangaande sy teenwoordigheid as hy reeds lid was, maak sy getuienis betreffende hierdie gebeurtenis uiters onwaarskynlik.

Die landdros het geen botsing tussen Beskuldigde No. 1 se beweerde verklaring en die getuie se bewering dat hy reeds lid was gesien nie en hierin het hy na my mening gefouteer. Ook die onbevredigende aard van sy antwoorde onder kruisverhoor het die landdros na my mening ten onregte nie teen Congress as 'n getuie gereken nie.

Die landdros het verder 'n onreëlmatigheid begaan deur die feit dat 'n sekere vraag deur

/Beskuldigde No. 3......

Beskuldigde No. 3 aangaande die bogemelde geleentheid aan Congress gestel is, teen Beskuldigde No. 1 in rekening te bring.

Dit is nie duidelik hoeveel hierdie onreël-matige stukkie bewysmateriaal tot die beslissing van die landdros bygedra het nie. Die inkriminerende kleur wat Congress aan die gemelde geleentheid gegee het, word egter nie deur enige ander getuienis gestaaf nie. Om diè rede asook weens die onbevredigende aard daarvan moes die landdros met die oog op die eise van die versigtigheidsreël en die ontkenning van die beskuldigde, hierdie getuienis nie aanvaar het nie.

Die laaste oorweging wat die landdros teen Beskuldigde No. 1 ingebring het, was die feit dat hy vir Reginald Mbenya, 'n persoon wat gevonnis is tot 7 jaar gevangenisstraf weens Poqo-lidmaatskap en/of bedrywighede en wat op Robbeneiland gevange gehou was, as getuie geroep het. Die doel hiervan was dat hierdie veroordeelde moes kom getuig dat hy nooit

/Beskuldigde No. 1.....

Beskuldigde No. 1 se naam in verband met P.A.C. gehoor noem het nie. Dit was miskien naïef om so'n veroordeelde vir die doel te roep, maar dit is tog moontlik dat 'n leek dit sou doen bloot op grond van 'n afleiding van die feit dat die getuie gevonnis is weens beweerde lidmaatskap van P.A.C. Dit is nie vir my duidelik hoe dat die landdros bloot op die waarskynlikhede af kon bevind dat beskuldigde se getuienis in hierdie verband so onbevredigend was dat hy hom nie kon glo nie.

In al die omstandighede meen ek dat die landdros 'n redelike twyfel aangaande Beskuldigde No. 1 se skuld op beide aanklagte moes gehad het.

Die laaste beskuldigde wat ek moet behandel, is Beskuldigde No. 2. Die getuienis teen hom is in die eerste instansie gelewer deur Joe en Cooper.

Joe noem eerstens 'n vergadering in die kamer te Basiplaas waar hy self in gewoon het. Beskuldigde No. 2 sou daar P.A.C.-sake gepropageer het.

/Hoewel hy......

Hoewel hy beweer dat Cooper daar teenwoordig was, noem Cooper nie hierdie vergadering nie. Cooper noem weer 'n vergadering by Beskuldigde No. 3 se huis in Melodie waar Beskuldigde No. 2 en Joe veral die praatwerk t.g.v. P.A.C. sou gedoen het. Joe maak weer nie melding van hierdie vergadering nie.

Beide Joe en Cooper noem die vergadering in Melodie-kampong wat hierbo as 'n toevallige byeenkoms bestempel is en waar Beskuldigdes Nos. 3, 5 en 6 ook teenwoordig was. Beskuldigde No. 2 sou daar aktief opgetree het. Beide meld ook die byeenkoms in Beskuldigde No. 4 se huis waarna vroeër verwys is en waar Beskuldigde No. 2 een van die sprekers was om P.A.C.-oogmerke te bevorder.

Hierdie getuienis gaan mank aan heelwat gebreke, sommige waarvan hierbo bespreek is. Die ergste van die besware daarteen is dat Beskuldigde No. 2 teen Cooper by sy verhoor getuig het en dat hy dus goeie rede sou hê om vir Beskuldigde No. 2 valslik te

/inkrimineer......

inkrimineer. Joe is in die loop van sy getuienis deur die landdros gemaan om nie drasie te maak nie. Hy was dus seker ook nie die beste van getuies nie. Aangesien hulle afgesien hiervan, soos reeds vroeër gemeld, in die posisie van medepligtiges is, sou dit gevaarlik wees om op hulle getuienis alleen te veroordeel hoewel hulle getuienis aangaande die gebeure in die Melodie-kampong en by Beskuldigde No. 4 se huis heelwat meer positiewe bewerings teen Beskuldigde No. 2 bevat as wat met hulle getuienis teen Beskuldigde No. 1 in hierdie samehang die geval was.

Die getuienis van Congress aangaande die ontmoeting in Beskuldigde No. 2 se huis toe hy nie toegelaat is om by Beskuldigdes Nos. 7 en 2 aan te sluit nie, is onderhewig aan heelwat kritiek soos vroeër in die uitspraak aangedui en dit is twyfelagtig of hierdie bewerings van Congress, alleenstaande soos hulle is, aanvaarbaar is.

Daar is verder die getuienis van Thomas Nxobo

/dat......

dat Beskuldigde No. 2 hom teen die middel van 1963 sou gewerf het as 'n P.A.C.-lid en dat hy later by Beskuldigde No. 3 se huis in die Melodie-lokasie vir Beskuldigde No. 2 en Cooper ontmoet het. Al hierdie getuienis word deur Beskuldigde No. 2 ontken.

Aangesien Thomas ook as 'n medepligtige gereken moet word, moet sy getuienis met die gewone versigtigheid bejeën word. Dit is ook nie vir my baie duidelik waarom hy, volgens sy eie relaas, as lid van die P.A.C. deur Beskuldigde No. 2 gewerf sou gewees het, aangesien daar van hom geen optrede vereis sou word nie.

Cooper maak wel melding van hierdie vergadering by Beskuldigde No. 3 se huis waar Beskuldigde No. 2 en die getuie Thomas teenwoordig sou gewees het. Hy stel die tyd egter as ongeveer Maart 1963. Dit is nie meer waarskynlik as Thomas se bewering dat dit na die middel van die jaar moes gewees het want Cooper is reeds op 7 Junie 1963 skuldig bevind weens onwettige

/bedrywighede.......

bedrywighede in verband met P.A.C.

Hoewel al hierdie getuienis aan baie gebreke mank gaan, vorm dit tog 'n imposante massa aantygings teen Beskuldigde No. 2 en dit is moeilik om te veronderstel dat daar heeltemal geen waarheid daarin steek nie.

In die omstandighede is dit van besondere betekenis dat Beskuldigdes Nos. 5 en 6 op 'n spontane en onverwagte wyse met positiewe en oortuigende bewerings kom dat Beskuldigde No. 2 hulle op verskillende geleenthede as lede van P.A.C. probeer werf het.

Nadat ek die getuienis van hierdie beskuldigdes sorgvuldig oorweeg het, meen ek dat die landdros geregtig was om met hulle as getuies beïndruk te wees en dit is vir my, sittende op appèl, onmoontlik om te bevind dat hy in diè opsig gefouteer het.

Die landdros het ook met opgaaf van redes bevind dat Beskuldigde No. 2 'n onbevredigende en ongeloofwaardige getuie was. Mnr. Hentzel kon nie oortuigende besware teen hierdie bevinding inbring nie.

/Die gevolg.......

Die gevolg is dat die landdros se bevinding wat Beskuldigde No. 2 betref, onaanvegbaar bly staan en dat die skuldigbevinding van hierdie beskuldigde op beide aanklagte bevestig word.

Selfs as die getuienis van Beskuldigdes Nos. 5 en 6 op dieselfde wyse benader word as die getuienis van medepligtiges (sien R. v. Prater, 1960(1) A.E.R. 298) bly die regsposisie, dat die landdros ooreenkomstig die beginsel in S. v. Zitha and Others, 1965(1) S.A. 166 (O.P.D.A.) veral op p. 170 herbevestig, geregtig sou gewees het om op die getuienis van Beskuldigdes Nos. 5 en 6 alleen vir Beskuldigde No. 2 op beide klagtes skuldig te bevind. Die landdros was van die deugdelikheid van hulle as getuies oortuig en, na my oordeel, moet enige redelike hof die mening deel. Die landdros was ook, net soos enige redelike hof sou gewees het, oortuig van die onverdienstelikheid van Beskuldigde No. 2 as 'n getuie.

Hoewel die landdros die getuienis van die

/medepligtiges........

medepligtiges nie voldoende geanaliseer en/of krities genoeg beskou het nie, is ek tog oortuig dat die skuldigbevinding van Beskuldigde No. 2 nogtans op beide aanklagtes gehandhaaf moet word.

Wat die vonnis betref, het mnr. Wentzel betoog dat die landdros nie voldoende gewig geheg het aan die feit dat Beskuldigde No. 2 'n eerste oortreder is nie. Hy het ook aangevoer dat die landdros die objektiewe faktore, soos die erns van die oortredings, die subjektiewe faktore tot 'n te hoë mate laat oorskadu het. Hy het hom byvoorbeeld ter verswaring van die vonnis deur die gebeure te Paarl laat beïnvloed terwyl daar geen getuienis was dat die beskuldigde sulke gruweldade goedgekeur het nie. Eindelik het mnr. Wentzel betoog dat die twee oortredings na verwant is aan mekaar en dat dieselfde mens rea die grondslag vir beide vorm. In hierdie verband het hy onder andere verwys na S. v. Makaula, 1964(2) S.A. 575 (O.P.D.A.) op p. 578 waarin vonnisse in die geval van dieselfde

/twee.........

twee oortredings deur die landdros beveel is om saam te loop. Die posisie in die geval van hierdie oortredings is analoog met die misdade van vervalsing en uitgifte, in welke geval die vonnisse vir die twee misdade dikwels saam uitgedien moet word.

Ek meen dat die landdros geregtig was om die misdade as ernstig te beskou en om die objektiewe erns vir die gemeenskap en die Staat van die tipe oortreding as oorwegend te beskou. Ek meen egter dat dit gepas is om in die huidige geval waar die beskuldigde nog tot geen tasbare dade van vyandighede of geweld oorgegaan het nie, die vonnisse gesamentlik te laat uitdien.

Die appèl word dus gehandhaaf in die geval van Beskuldigdes Nos. 1, 4 en 7 en hulle skuldigbevindings en vonnisse word ter syde gestel.

Die appèl van Beskuldigde No. 2 misluk wat die skuldigbevinding betref en die skuldigbevinding word bevestig. Die appèl teen die vonnis slaag

/insover.....

insover dat dit beveel word dat die vonnis van 3 jaar gevangenisstraf op elke aanklag gesamentlik uitgedien word.

(get.) S. Hofmeyr.
.........................

Ek stem saam: (get.) R.P.B. Erasmus.
.........................

BLOEMFONTEIN.
17 November 1966.

Advokaat van Appellante: E.M. Wentzel, in opdrag van Horwitz & Oosthuizen.

Advokaat van Respondent: P.G. Haasbroek.

**Collection Number: AD1901**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.